



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**REKENINGKUNDE**

**NOVEMBER 2016**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye 'n 15 bladsy-antwoordeboek.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

<b>VRAAG 1: 45 punte; 25 minute</b>	
<b>Onderwerp van die vraag:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Vervaardiging	<b>Bestuursrekeningkunde</b> Begrippe Produksiekostestaat Gelykbreek-ontleding <b>Bestuur van hulpbronne</b> Interne beheer

<b>VRAAG 2: 40 punte; 25 minute</b>	
<b>Onderwerp van die vraag:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Rekonsiliasie, Ouderdomsanalise en BTW	<b>Finansiële rekeningkunde</b> Debiteureversoening Debiteure-ouerdomsanalise BTW-berekeninge <b>Bestuur van hulpbronne</b> Interne beheer

<b>VRAAG 3: 70 punte; 40 minute</b>	
<b>Onderwerp van die vraag:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Ouditverslag en Inkomstestaat	<b>Finansiële rekeningkunde</b> Begrippe Inkomstestaat Ouditverslag <b>Bestuur van hulpbronne</b> Vaste bates

<b>VRAAG 4: 75 punte; 45 minute</b>	
<b>Onderwerp van die vraag:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Kontantvloeistaat en Vertolking	<b>Finansiële rekeningkunde</b> Begrippe Kontantvloeistaat Vertolking van finansiële inligting <b>Bestuur van hulpbronne</b> Interne beheer

<b>VRAAG 5: 30 punte; 20 minute</b>	
<b>Onderwerp van die vraag:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Voorrade	<b>Bestuursrekeningkunde</b> Voorraadwaardasie <b>Bestuur van hulpbronne</b> Interne beheer

<b>VRAAG 6: 40 punte; 25 minute</b>	
<b>Onderwerp van die vraag:</b>	<b>Hierdie vraag integreer:</b>
Opstel van 'n Begroting	<b>Bestuursrekeningkunde</b> Kontantbegroting Berekeninge

**VRAAG 1: VERVAARDIGING****(45 punte; 25 minute)****1.1 BEGRIPPE**

Gee EEN kostekategorie vir elk van die volgende beskrywings deur 'n kostekategorie uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die kostekategorie langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

direkte materiaalkoste; direkte arbeidskoste; fabrieksbokoste;  
administrasiekoste; verkoop- en verspreidingskoste

- 1.1.1 Salarisse wat aan kantoorwerkers betaal word
- 1.1.2 Koste van grondstof wat in die produksieproses gebruik word
- 1.1.3 Kommissie wat aan verkoops persone betaal word
- 1.1.4 Huur wat vir fabrieksgeboue betaal word (4 x 1) (4)

**1.2 GUGU VERVAARDIGERS**

Jy word van inligting voorsien met betrekking tot Gugu Vervaardigers vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016. Die onderneming vervaardig handsakke in slegs een styl.

**GEVRA:**

- 1.2.1 Bereken die:
- Direkte arbeidskoste (8)
  - Direkte materiaalkoste (6)
- 1.2.2 Stel die Produksiekostestaat op. (8)
- 1.2.3 Die eienaar is bekommerd oor die produksievlak in 2016.
- Bereken die gelykbreekpunt vir 2016. (5)
  - Verduidelik of die eienaar bekommerd moet wees of nie. Verskaf syfers. (3)
- 1.2.4 Die eienaar is nie tevrede met die interne beheer oor die grondstof nie.
- Bereken die volgende ten opsigte van die grondstof (materiaal):
- Meter materiaal wat uit die stoorkamer gesteel word (5)
  - Meter materiaal wat in die fabriek vermors word (4)
- Verskaf 'n strategie om die interne beheer in ELKE geval hierbo te verbeter. (2)

**INLIGTING:****A. Werkers betrokke by die vervaardigingsproses:**

GETAL WERKERS	LOON	VERDIENSTE PER WERKER	
5	Basies (normale loon)	R40 per uur	1 920 uur
	Oortyd	Basiese koers + 75%	90 uur
<b>LET WEL:</b> Aftrekkings: 8,5% van basiese loon Werkgewersbydrae: 11,5% van basiese loon			

**B. Grondstof (materiaal):**

Grondstof wat aangekoop word, word in 'n stoorkamer gehou voordat dit vir produksie aan die fabriek uitgereik word. Voorraad word volgens die geweegetegemiddelde-metode gewaardeer.

**Stoorkamer-voorraadrekords:**

	METER	TOTALE BEDRAG (R)
Saldo op 1 Maart 2015	1 350	131 500
<b>Aankope:</b>	<b>5 400</b>	<b>584 000</b>
Mei 2015	2 500	265 000
September 2015	2 900	319 000
Grondstof aan fabriek uitgereik	5 500	?
Voorraadsaldo op 29 Februarie 2016	940	?

C. Daar is geen goedere-in-bewerking-voorraad nie.

**D. Ander koste vir die finansiële jaar (na al die aansuiwerings):**

Fabrieksbokoste	Vaste koste	R343 340
Administrasiekoste	Vaste koste	R226 660
Verkoop- en verspreidingskoste	Veranderlike koste	R217 340

**E. Addisionele inligting op 29 Februarie 2016:**

- 4 200 handsakke is vervaardig en teen R450 elk verkoop.
- Totale verkope beloop R1 890 000.
- Totale veranderlike koste per eenheid was R300.
- 1,25 meter materiaal is gebruik om een handsak te maak.

**VRAAG 2: REKONSILIASIE, OUDERDOMSANALISE EN BTW****(40 punte; 25 minute)**

2.1 Simply Handelaars verkoop goedere vir kontant en op krediet.

**GEVRA:**

2.1.1 Simply Handelaars het al hulle debiteure se telefoonnommers. Watter ander inligting behoort hulle te verkry voordat hulle kliënte toelaat om rekeninge te open? Noem TWEE punte met 'n rede in ELKE geval. (4)

2.1.2 **Verwys na Inligting A, B en C.**

Bereken:

- Die korrekte eindsaldo van die Debiteurekontrolerekening op 31 Oktober 2016 (6)
- Die korrekte bedrae deur debiteure verskuldig:
  - J Ramsay (D2)
  - W Smith (D3)
  - C Prince (D5) (12)

2.1.3 **Verwys na Inligting D.**

- Bereken die persentasie debiteure wat aan die kredietvoorwaardes voldoen. (4)
- Verduidelik TWEE maatreëls om debiteure-invordering te verbeter. (4)

**INLIGTING:**

**A.** Saldo van die Debiteurekontrolerekening op 31 Oktober 2016, R179 500 (voor aansuiwerings).

**B.** Debiteurelys op 31 Oktober 2016:

DEBITEURE	FOLIO	BEDRAG
M Coley	D1	R60 200
J Ramsay	D2	37 500
W Smith	D3	19 500
D Cummings	D4	42 000
C Prince	D5	3 900
<b>TOTAAL</b>		<b>R163 100</b>

**C.** Die volgende foute en weglatings moet in berekening gebring word:

- (a) 'n Faktuur vir R2 500 wat aan W Smith uitgereik is, is nie in die boeke van Simply Handelaars geboekstaaf nie.
- (b) Die totaal van die Debiteure-afslagjoernaal is as R20 100 in plaas van R21 000 na die Debiteure-kontrolerekening oorgeboek.

- (c) 'n Faktuur vir R4 300 wat aan C Prince uitgereik is, is foutiewelik na die rekening van J Ramsay oorgeboek.
- (d) Voorraad wat vir R5 100 aan C Prince verkoop is, is as 'n terugsending van goedere hanteer toe dit na die Debiteurgrootboekrekening van C Prince oorgeboek is.
- (e) 'n Tjek vir R8 350, wat oorspronklik van J Ramsay ter vereffening van skuld van R8 500 ontvang is, is deur die bank teruggestuur, gemerk V/T. Geen inskrywings is in die Debiteurgrootboek gemaak nie.
- (f) 'n Faktuur vir R3 600 wat aan W Smith uitgereik is, is korrek in die Debiteurejoernaal geboekstaaf, maar as R6 300 na sy rekening in die Debiteurgrootboek oorgeboek.
- (g) Die totaal wat in die KOJ vir korting toegestaan is, is met R500 te hoog aangegee.

**D. Debiteure-ouderdomsanalise op 30 September 2016:**

TOTAAL	TANS	30-60 DAE	61-90 DAE	MEER AS 90 DAE
201 200	35 300	23 300	76 700	65 900

Die krediettermyn is 60 dae.

**2.2 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)**

Die inligting hieronder het betrekking op Creamline Handelaars vir hulle tweemaande-BTW-tydperk geëindig op 31 Augustus 2016. Alle items is onderhewig aan 14% BTW.

**GEVRA:**

Bereken die bedrag ontvangbaar van of betaalbaar aan SAID vir BTW op 31 Augustus 2016. Dui aan of die bedrag ontvangbaar of betaalbaar is. (Jy mag 'n BTW-kontrolerekening opstel.)

(10)

**INLIGTING:**

**A.** Bedrag verskuldig aan SAID vir Julie 2016, R14 250.

**B.** Besonderhede ten opsigte van BTW vir Augustus 2016:

BESONDERHEDE	BTW UITGESLUIT	BTW	BTW INGESLUIT
Goedere aangekoop/Uitgawes betaal	R198 000		R225 720
Voorraad deur eienaar vir eie gebruik geneem		R2 940	
Terugsendings deur debiteure		R1 120	
Debiteurerekening afgeskryf	R9 500		
Totale verkope			R332 880

**VRAAG 3: OUDITVERSLAG EN INKOMSTESTAAT****(70 punte; 40 minute)****3.1 BEGRIPPE**

Kies die korrekte term om elk van die volgende stellings te voltooi. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

kontant en kontantekwivalente; bedryfsbate; niebedryfsbate; inkomste;  
netto bedryfskapitaal; uitgawe; bedryfslas; niebedryfslas

- 3.1.1 Rente op 'n oortrokke bankrekening is 'n ...
- 3.1.2 Verbruiksgoedere voorhande is 'n ...
- 3.1.3 Die gedeelte van 'n lening wat gedurende die volgende finansiële jaar betaal moet word, word as 'n ... in die Balansstaat beskou.
- 3.1.4 Die verskil tussen bedryfsbates en bedryfslaste staan as ... bekend. (4 x 1) (4)

**3.2 OUDITVERSLAG**

Jy word voorsien van 'n uittreksel uit die ouditverslag van Fralezi Bpk.

**GEVRA:**

- 3.2.1 Aan wie is die ouditverslag gerig? (1)
- 3.2.2 Wie moet verseker dat die finansiële state opgestel en by die algemene jaarlikse vergadering voorgelê word? (1)
- 3.2.3 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf die antwoord langs die vraagnommer (3.2.3) neer en verduidelik jou keuse.  
Fralezi Bpk. het 'n (gekwalfiseerde/ongekwalfiseerde/weerhouding-van-mening-) ouditverslag ontvang. (2)
- 3.2.4 Verduidelik waarom die onafhanklike ouditeure na bladsy 11–29 in die verslag verwys het. (2)

**INLIGTING:**

Ons het die finansiële state nagegaan, soos uiteengesit op bladsy 11–29.

Na ons mening is die jaarlikse finansiële state 'n redelike weergawe, in alle wesenlike aspekte, van:

- Die finansiële posisie van Fralezi Bpk. op 30 Junie
- Die kontantvloei vir die jaar geëindig, in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en soos vereis deur die Maatskappywet van Suid-Afrika

*Roux en Pieterse  
Geoktrooieerde Rekenmeesters (GR)  
Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure  
Schilbachstraat, Parys*

**LAAT HIERDIE BLADSY  
BLANKO**

**3.3 INKOMSTESTAAT**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Fralezi Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2016.

**GEVRA:**

Voltooi die Inkomstestaat vir die finansiële jaar.

(60)

**INLIGTING:**

**Syfers geneem uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2016:**

	R
<b>Balansstaatrekeninge</b>	
Verbandlening: Parys Bank	333 200
Bank (gunstig)	482 000
Debiteurekontrole	116 500
Handelsvoorraad	209 500
Voorsiening vir oninbare skulde	3 732
<b>Nominale Rekeninge</b>	
Verkope (min afslag)	4 777 300
Koste van verkope	?
Direkteursfooie	375 000
Salarisse en lone	365 540
Diverse uitgawes	?
Waardevermindering	124 260
Ouditfooie	23 000
Herstelwerk	100 000
Huurinkomste	101 900
Rente-inkomste	?
Oninbare skulde verhaal	10 540
Verpakkingsmateriaal	13 600
Advertensies	20 596
Verlies van rekenaar deur diefstal	9 300
Gewone aandeledividende	200 000

**Aansuiwerings en addisionele inligting:**

- A.** 'n Kredietnota gedateer 27 Junie 2016 wat vir R35 700 aan 'n debiteur uitgereik is, is nie geboekstaaf nie. Die kosprys van hierdie goedere is R21 000. Die goedere is in voorraad teruggeplaas.
- B.** Die onderneming stel die pryse van sy goedere teen 'n winsopslag van 70% op kosprys vas. Handelskorting van R297 200 is op fakture aan sekere debiteure toegestaan.
- C.** Pas die voorsiening vir oninbare skulde van debiteure tot 4% aan.

- D.** 'n Voorraadopname op 30 Junie 2016 het die volgende voorhande getoon:
- Handelsvoorraad, R225 500
  - Verpakkingsmateriaal, R3 700
- E.** 'n Verdere R7 250 is aan eksterne ouditeure verskuldig.
- F.** Rente op die lening word gekapitaliseer en is nog nie geboekstaaf nie. Die leningstaat op 30 Junie 2016 van Parys Bank toon 'n eindsaldo van R372 920.
- G.** Verbeteringe moet ten opsigte van 'n rekenaar wat op 31 Maart 2016 gesteel is, gemaak word.

Die boekhouer het die volgende bladsy in die Vastebateregister voltooi deur die verkeerde metode van waardevermindering te gebruik:

SUNCREST-REKENAAR	KOS-PRYS	WAARDE-VERMINDERING	BOEK-WAARDE
1 Julie 2014	R42 000		R42 000
30 Junie 2015		R8 400	R33 600
31 Maart 2016		R6 300	R27 300
Versekeringsuitbetaling	R18 000		
Verlies van rekenaar deur diefstal	R9 300		

Waardevermindering op hierdie bate moes teen 20% p.j. op die verminderdesaldo-metode bereken word.

- H.** Die maandelikse huur het nie gedurende die jaar verander nie. Die huurder het in April 2016 R6 000 vir herstelwerk aan die perseel betaal. Hy het dit van sy huur vir Mei 2016 afgetrek omdat die maatskappy vir herstelwerk verantwoordelik is. Die herstelwerk is nie geboekstaaf nie. Die huur vir Julie is in Junie 2016 ontvang en gedeponeer.
- I.** Advertensies bestaan uit 'n maandelikse kontrak met die plaaslike koerant vir die hele finansiële jaar. Advertensies is slegs vir 11 maande betaal. Die tarief op die kontrak is vanaf 1 April 2016 met R152 per maand verminder.
- J.** Netto wins na belasting is R504 000.

Gebruik die volgende persentasies om sekere ontbrekende syfers te bereken:

- Bedryfswins op verkope: 15%
- Inkomstebelastingkoers: 28% van netto wins

**LAAT HIERDIE BLADSY  
BLANKO**

**VRAAG 4: KONTANTVLOEISTAAT EN VERTOLKING (75 punte; 45 minute)**

- 4.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.1.5 E.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Vermoë van die onderneming om al sy skuld af te betaal	A	hefboom
4.1.2	Vermoë van die onderneming om al sy korttermynskuld af te betaal	B	opbrengs op ekwiteit
4.1.3	Die voordeel wat aandeelhouers vir belegging in die maatskappy ontvang	C	solvensie
4.1.4	Die mate waartoe 'n maatskappy deur lenings gefinansier word	D	likiditeit

(4 x 1) (4)

**4.2 REID BPK.**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Reid Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2016.

**Waar finansiële aanwysers gevra word om jou antwoord te staaf, noem die finansiële aanwyser, die werklike syfer/verhouding/persentasie en neigings.**

**GEVRA:**

- 4.2.1 Stel die volgende notas tot die Balansstaat op:

- Gewone aandelekapitaal (7)
- Behoue inkomste (9)

- 4.2.2 Bereken die volgende bedrae vir die Kontantvloeistaat:

- Verandering in lening (2)
- Inkomstebelasting betaal (4)

- 4.2.3 Voltooi die uittreksel uit die Kontantvloeistaat vir kontant en kontantekwivalente. (4)

- 4.2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 30 Junie 2016:

- Vuurproefverhouding (4)
- Skuld-ekwiteit-verhouding (3)
- % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB) (5)
- Netto batewaarde per aandeel (NBW) (3)

4.2.5 Die maatskappy se likiditeit het verbeter. Haal DRIE finansiële aanwysers aan om hierdie stelling te staaf. (6)

4.2.6 Dividendbeleid:

- Verskaf berekeninge om die verandering in die dividend-uitbetalingsbeleid te toon. (4)
- Verduidelik waarom die direkteure besluit het om die beleid te verander. Noem EEN punt met syfers. (2)

4.2.7 Mary is die maatskappy se hoofbestuurder. Haar aandeelhouding is soos volg:

GETAL AANDELE	DATUM AANGEKOOP	% AANDEELHOUDING
420 000	10 Januarie 2015	46,7%

(a) Bereken Mary se % aandeelhouding op 1 Oktober 2015 ná die terugkoop van aandele. (4)

(b) Verduidelik hoe Mary deur die besluit om die aandele terug te koop, bevoordeel is. (2)

(c) Die onafhanklike ouditeur het uitgevind dat Mary die besluit om die aandele terug te koop, geneem het sonder om die direksie in kennis te stel.

Waarom behoort die onafhanklike ouditeur hieroor bekommerd te wees? (2)

4.2.8 Die Kontantvloeistaat toon vaste bates wat vir die bedrag van R4,5 miljoen aangekoop is.

- Noem TWEE hoofbronne van befondsing vir hierdie vaste bates met syfers (meer as R1 000 000 elk). (4)
- Toon vir ELKE bron aan of dit 'n goeie of slegte besluit was. Verduidelik jou keuse. Haal relevante finansiële aanwysers/syfers aan om jou mening te staaf. (6)

#### INLIGTING:

##### A. Aandelekapitaal en dividende:

- Op 1 Julie 2015 is 900 000 aandele reeds uitgereik.
- Op 1 Oktober 2015 is 75 000 gewone aandele van die boedel van 'n afgestorwe aandeelhouer teen R10,70 per aandeel teruggekoop.
- Op 1 April 2016 het die maatskappy 125 000 gewone aandele teen R10,80 per aandeel uitgereik.
- Die 2016 Kontantvloeistaat toon dividende betaal van R434 250.

**B. Uittreksel uit Inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2016:**

	R
Verkope	5 220 000
Koste van verkope	3 600 000
Bedryfswins	1 295 000
Inkomstebelasting	190 500
Netto wins na belasting	444 500

**C. Uittreksel uit Balansstaat op 30 Junie:**

	2016	2015
	R	R
Vaste bates (drawaarde)	17 420 950	14 683 300
Vaste deposito: Ken Bank	250 000	380 000
<b>Bedryfsbates</b>	<b>1 015 000</b>	<b>456 000</b>
Voorrade (slegs handelsvoorraad)	564 000	281 500
Handels- en ander ontvangbare bedrae (debiteure)	246 000	167 000
Kontant en kontantekwivalente	205 000	7 500
<b>Aandeelhoudersbelang</b>	<b>10 050 750</b>	<b>9 540 000</b>
Gewone aandeelkapitaal	?	9 180 000
Behoue inkomste	?	360 000
<b>Lening: Barbie Bank</b>	<b>8 000 000</b>	<b>4 500 000</b>
<b>Bedryfslaste</b>	<b>635 200</b>	<b>1 479 300</b>
Handels- en ander betaalbare bedrae	420 000	683 400
Aandeelhouders vir dividende	209 000	162 000
SAID: Inkomstebelasting	6 200	23 400
Bankoortrekking	-	610 500

**D. Die volgende finansiële aanwysers is op 30 Junie bereken:**

	2016	2015
Bedryfsverhouding	1,6 : 1	0,3 : 1
Vuurproefverhouding	?	0,1 : 1
Vorraadomsetsnelheid	8,5 keer	10 keer
Debiteure-invorderingsperiode	36 dae	43 dae
Krediteure-betalingsperiode	63 dae	63 dae
Solvensieverhouding	2,2 : 1	2,6 : 1
Skuld-ekwiteit-verhouding	?	0,5 : 1
Opbrenge op totale kapitaal aangewend (OOTKA)	8,2%	9,5%
Opbrenge op aandeelhoudersbelang (OOAB)	?	6,2%
Verdienste per aandeel (VPA)	51 sent	58 sent
Dividende per aandeel (DPA)	55 sent	35 sent
Netto batewaarde per aandeel (NBA)	?	1 060 sent
Markprys	1 000 sent	1 030 sent
Rentekoers op lenings	12%	12%

**VRAAG 5: VOORRADE****(30 punte; 20 minute)****5.1 VOORRAADWAARDASIE**

Matrix Handelaars verkoop drie verskillende soorte skootrekenaars: Lexus, Granite en Vision. Hulle gebruik die periodieke voorraadstelsel en die spesifieke identifikaasietegniek om voorraad te waardeer.

**GEVRA:**

5.1.1 Verduidelik die volgende waardasietegnieke:

- EIEU (2)
- Spesifieke identifikaasietegniek (2)

5.1.2 Bereken die kosprys per skootrekenaar voorhande op 1 Oktober 2015. (2)

5.1.3 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 September 2016. (9)

**INLIGTING:**

Die volgende inligting het betrekking op die jaar geëindig 30 September 2016:

**A. Aanvangsvoorraad:**

DATUM	MODEL	EENHEDE	KOSPRYS PER EENHEID	TOTAAL
1 Okt. 2015	Lexus	118	?	R413 000

**B. Aankope en terugsendings:**

DATUM	MODEL	EENHEDE	KOSPRYS PER EENHEID	TOTAAL
<b>AANKOPE:</b>				
Des. 2015	Granite	410	R3 750	R1 537 500
Mrt. 2016	Vision	630	R4 650	R2 929 500
<b>TERUGSENDINGS:</b>				
Mrt. 2016	Vision	20	R4 650	(R93 000)
<b>Netto aankope</b>				<b>R4 374 000</b>

**C. Verkope vir die jaar:**

MODEL	EENHEDE	BEDRAG
Lexus	118	R598 850
Granite	356	R2 229 375
Vision	502	R4 247 775
		<b>R7 076 000</b>

## 5.2 BESTUUR VAN VOORRADE

Jy word voorsien van inligting uit die boeke van Kyle Kantoortoerusting vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016. Die onderneming verkoop kantoorlessenaars, stoele en drukkers.

Kyle het sekere besluite aan die begin van die 2016 finansiële jaar geneem.

### GEVRA:

Verskaf relevante syfers vir AL die vrae hieronder.

#### 5.2.1 Lessenaars:

- Watter besluit het Kyle geneem ten opsigte van die verkoopprijs van die lessenaars? (2)
- Hoe het hierdie besluit die onderneming beïnvloed? Noem TWEE punte. (4)

#### 5.2.2 Stoele:

Was dit 'n goeie idee van Kyle om 'n goedkoper verskaffer van stoele te kry? Verduidelik TWEE punte. (5)

#### 5.2.3 Drukkers:

Kyle het die verkoopprijs van drukkers in die 2016 finansiële jaar heelwat verlaag in reaksie op 'n nuwe mededinger wat dieselfde model teen R1 200 verkoop.

Op grond van die inligting hieronder, verskaf TWEE afsonderlike voorstelle aan Kyle om in 2017 die wins op drukkers te verbeter. (4)

### INLIGTING:

	LESSENAARS		STOELE		DRUKKERS	
	2016	2015	2016	2015	2016	2015
Bestellings van kliënte ontvang	300	370	770	730	925	615
Bruto eenhede verkoop	300	365	770	730	725	615
Terugsendings deur klante	0	5	90	0	15	15
Verkoopprijs	R2 520	R1 920	R490	R714	R975	R1 326
Kosprijs	R1 400	R1 200	R350	R510	R780	R780
Winsopslag-%	80%	60%	40%	40%	25%	70%
Bruto wins	R336 000	R259 200	R95 200	R148 920	R138 450	R327 600
Vorraadomsetsnelheid	6,0	7,2	4,0	4,0	11,8	10,0

**VRAAG 6: OPSTEL VAN 'N BEGROTING****(40 punte; 25 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Mayhem (Edms.) Bpk.

**GEVRA:****6.1 Verwys na Inligting G.**

6.1.1 Identifiseer TWEE items wat die boekhouer foutiewelik in die Kontantbegroting opgeteken het. (2)

6.1.2 Identifiseer TWEE items in die Kontantbegroting wat NIE in 'n Geprojekteerde Inkomstestaat sou verskyn NIE. (2)

6.2 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Oktober 2016. (9)

6.3 Bereken die ontbrekende bedrae wat deur **(a)** tot **(d)** in die Kontantbegroting aangedui word. (18)

6.4 Die direkteure het die begrote syfers vir September 2016 met die werklike syfers vergelyk.

	BEGROTE	WERKLIK
Verkope	R288 000	R489 600
Salarisse: Verkoopspersone	R40 000	R12 000
Kommissie: Verkoopspersone	R0	R66 150
Verpakkingsmateriaal	R14 400	R17 280

6.4.1 Die direkteure het die metode van betaling aan die verkoopspersone verander. Verduidelik hoe dit die verkoopspersone en die onderneming bevoordeel het. Haal syfers aan. (4)

6.4.2 Die direkteure is nie bekommerd oor die oorbesteding aan verpakkingsmateriaal nie. Verduidelik waarom dit die geval is. Haal syfers of berekeninge aan. (5)

**INLIGTING:****A. Geprojekteerde Inkomstestaat:**

Inligting geneem vir die drie maande geëindig 31 Oktober 2016:

	AUGUSTUS	SEPTEMBER	OKTOBER
	R	R	R
Verkope	252 000	288 000	?
Koste van verkope	?	(160 000)	?
Huurinkomste	?	?	12 960
Korting ontvang	3 600	4 000	?
Waardevermindering	5 400	5 400	5 400
Oninbare skulde	2 800	3 350	?
Rente op lening	6 875	6 875	?

**B. Verkope:**

- Verkope sal na verwagting in Oktober 2016 met 15% toeneem.
- Kredietverkope maak 60% van totale verkope uit.
- Die winsopslagspersentasie is 80% op kosprys.

**C. Debiteure-invordering:**

- 50% word in die maand van verkope ingevorder.
- 40% word ingevorder in die maand wat op die maand van verkope volg.
- 7% word twee maande na verkope ingevorder.
- 3% word as oninbaar afgeskryf.

**D. Aankope:**

- Alle voorraadaankope is op krediet.
- Voorraad word in die maand van verkope vervang. 'n Basisvoorraad word gehandhaaf.
- Krediteure word twee maande ná aankope betaal, onderhewig aan 'n 4%-korting.

**E. Direkteursfooie:**

- Die onderneming het drie direkteure wat dieselfde maandelikse fooi verdien.
- Een van die direkteure het op 30 September 2016 bedank.
- Die oorblywende direkteure sal vanaf 1 Oktober 2016 'n verhoging van 35% in hul maandelikse fooi ontvang.

**F. Lening:**

- Die lening is op 30 September 2016 met R52 800 verminder.
- Rente teen 12,5% p.j. is elke maand betaalbaar en word nie gekapitaliseer nie.

**G. Uittreksel uit die Kontantbegroting soos deur die boekhouer opgestel:**

	SEPTEMBER 2016	OKTOBER 2016
	R	R
<b>ONTVANGSTE</b>		
Kontantverkope	(a)	132 480
Kontant van debiteure	155 280	?
Huurinkomste	12 000	12 960
Korting ontvang	3 600	5 600
Vaste deposito	56 000	0
<b>BETALINGS</b>		
Betalings aan krediteure	156 000	(b)
Direkteursfooie	216 000	(c)
Salarisse van verkoops persone	40 000	40 000
Terugbetaling van lening	52 800	0
Rente op lening	6 875	(d)
Afleweringskoste	27 500	27 500
Ouditfooie	60 000	0
Oninbare skulde	3 200	3 600
Waardevermindering	17 400	17 400

**SENTRUMNOMMER**

--	--	--	--	--	--	--	--

**EKSAMENNOMMER**

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**REKENINGKUNDE**

**GRAAD 12**

**NOVEMBER 2016**

***SPESIALE ANTWOORDEBOEK***

<b>VRAAG</b>	<b>PUNTE</b>	<b>PARAAF</b>	<b>MOD.</b>
1			
2			
3			
4			
5			
6			
<b>TOTAAL</b>			

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 15 bladsye.**

Plakker

**VRAAG 1**

1.1

1.1.1	
1.1.2	
1.1.3	
1.1.4	

4

1.2.1

<b>Bereken direkte arbeidskoste.</b>
<b>Bereken direkte materiaalkoste.</b>

8

6

1.2.2

**Produksiekostestaats vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016:**

<b>Primêre koste</b>	
<b>Produksiekoste van klaarprodukte</b>	

8

1.2.3 **Bereken die gelykbreekpunt vir 2016.**

--	--

5

**Verduidelik of die eienaar bekommerd moet wees of nie. Verskaf syfers.**

--	--

3

1.2.4 **Die eienaar is nie tevrede met die interne beheer oor die grondstof (materiaal) nie.**

	STOORKAMER: Grondstof gesteel	FABRIEK: Grondstof vermors
<b>BEREKENING: meter materiaal</b>		
<b>STRATEGIE</b>		

11

<b>TOTALE PUNTE</b>
45

**VRAAG 2**

**2.1.1** Simply Handelaars het al hulle debiteure se telefoonnommers. Watter ander inligting behoort hulle te verkry voordat hulle kliënte toelaat om rekeninge te open? Noem TWEE punte met 'n rede in ELKE geval.

	Inligting om te verkry	Rede
<b>Punt 1</b>		
<b>Punt 2</b>		

4

**2.1.2** Bereken die korrekte eindsaldo van die Debiteurekontrolerekening op 31 Oktober 2016.

6

**Bereken die korrekte bedrae deur debiteure verskuldig.**

	Berekeninge	Saldo
<b>J Ramsay (D2)</b>	<b>37 500</b>	
<b>W Smith (D3)</b>	<b>19 500</b>	
<b>C Prince (D5)</b>	<b>3 900</b>	

12

2.1.3 **Bereken die persentasie debiteure wat aan die kredietvoorwaardes voldoen.**

4

**Verduidelik TWEE maatreëls om debiteure-invordering te verbeter.**

4

2.2 **Bereken die bedrag ontvangbaar van of betaalbaar aan SAID vir BTW op 31 Augustus 2016.**

**Ontvangbaar/Betaalbaar:**

10

<b>TOTALE PUNTE</b>
40

**VRAAG 3**

3.1

3.1.1	
3.1.2	
3.1.3	
3.1.4	

4

3.2 **LOUDITVERSLAG**

3.2.1

Aan wie is die ouditverslag gerig?

1

3.2.2

Wie moet verseker dat die finansiële state opgestel en by die algemene jaarlikse vergadering voorgelê word?

1

3.2.3

Fralezi Bpk. het 'n (gekwalifiseerde/ongekwalifiseerde/weerhouding-van-mening-) ouditverslag ontvang.

Verduidelik jou keuse.

2

3.2.4

Verduidelik waarom die onafhanklike ouditeure na bladsy 11–29 in die verslag verwys het.

2



**VRAAG 4**

4.1

4.1.1			
4.1.2			
4.1.3			
4.1.4			

4

4.2.1 **GEWONE AANDELEKAPITAAL:****GEMAGTIGDE AANDELEKAPITAAL**

1 500 000 gewone aandele

**UITGEREIKTE AANDELEKAPITAAL**

900 000	Gewone aandele op 1 Julie 2015	9 180 000	
			7

**BEHOUE INKOMSTE:**

Saldo op 1 Julie 2015	360 000	
Netto wins na belasting	444 500	
Saldo op 30 Junie 2016		9

4.2.2

<b>Bereken die verandering in lening vir die Kontantvloeistaat.</b>		
<table border="1" style="width: 50px; height: 20px; margin-left: auto;"> <tr><td style="width: 100%; height: 10px;"> </td></tr> <tr><td style="text-align: center;">2</td></tr> </table>		2
2		

<b>Bereken die inkomstebelasting betaal vir die Kontantvloeistaat.</b>		
<table border="1" style="width: 50px; height: 20px; margin-left: auto;"> <tr><td style="width: 100%; height: 10px;"> </td></tr> <tr><td style="text-align: center;">4</td></tr> </table>		4
4		

4.2.3

<b>Netto verandering in kontant en kontantekwivalente</b>		
<table border="1" style="width: 50px; height: 20px; margin-left: auto;"> <tr><td style="width: 100%; height: 10px;"> </td></tr> <tr><td style="text-align: center;">4</td></tr> </table>		4
4		

4.2.4

<b>Bereken die vuurproefverhouding op 30 Junie 2016.</b>		
<table border="1" style="width: 50px; height: 20px; margin-left: auto;"> <tr><td style="width: 100%; height: 10px;"> </td></tr> <tr><td style="text-align: center;">4</td></tr> </table>		4
4		

<b>Bereken die skuld-ekwiteit-verhouding op 30 Junie 2016.</b>		
<table border="1" style="width: 50px; height: 20px; margin-left: auto;"> <tr><td style="width: 100%; height: 10px;"> </td></tr> <tr><td style="text-align: center;">3</td></tr> </table>		3
3		

<b>Bereken die % opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang (OOAB) vir die jaar geëindig 30 Junie 2016.</b>		
<table border="1" style="width: 50px; height: 20px; margin-left: auto;"> <tr><td style="width: 100%; height: 10px;"> </td></tr> <tr><td style="text-align: center;">5</td></tr> </table>		5
5		

<b>Bereken die netto batewaarde per aandeel (NBW) op 30 Junie 2016.</b>		
<table border="1" style="width: 50px; height: 20px; margin-left: auto;"> <tr><td style="width: 100%; height: 10px;"> </td></tr> <tr><td style="text-align: center;">3</td></tr> </table>		3
3		

**4.2.5 Die maatskappy se likiditeit het verbeter. Haal DRIE finansiële aanwysers aan om hierdie stelling te staaf. Verskaf syfers en neigings.**

6

**4.2.6 Verskaf berekeninge om die verandering in die dividend-uitbetalingsbeleid te toon.**

4

**Verduidelik waarom die direkteure besluit het om die beleid te verander. Noem EEN punt met syfers.**

2

4.2.7 (a) Bereken Mary se % aandeelhouding op 1 Oktober 2015 ná die terugkoop van aandele.

4

(b) Verduidelik hoe Mary deur die besluit om die aandele terug te koop, bevoordeel is.

2

(c) Die onafhanklike ouditeur het uitgevind dat Mary die besluit om die aandele terug te koop, geneem het sonder om die direksie in kennis te stel. Waarom behoort die onafhanklike ouditeur hieroor bekommerd te wees?

2

4.2.8 Die Kontantvloeistaat toon vaste bates wat vir die bedrag van R4,5 miljoen aangekoop is.

Hoofbronne van befondsing met syfers (meer as R1 000 000 elk)	Goeie/Slegte besluit	Verduideliking met finansiële aanwysers/syfers
Bron 1:		
Bron 2:		

10

<b>TOTALE PUNTE</b>
75

**VRAAG 5****5.1 VOORRAADWAARDASIE**

5.1.1 **Verduidelik die EIEU-waardasiemetode.**

**Verduidelik die spesifieke-identifikasie-waardasiemetode.**

4

5.1.2 **Bereken die kosprys per skootrekenaar voorhande op 1 Oktober 2015.**

2

5.1.3 **Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 September 2016.**

9

**5.2 BESTUUR VAN VOORRADE**

5.2.1

**Watter besluit het Kyle geneem ten opsigte van die verkoopprys van die lessenaars? Verskaf syfers.**

2

**Hoe het hierdie besluit die onderneming beïnvloed? Noem TWEE punte. Verskaf syfers.**

4

5.2.2

**Was dit 'n goeie idee van Kyle om 'n goedkoper verskaffer van stoele te kry?**  
**JA/NEE: \_\_\_\_\_**  
**Verduidelik TWEE punte. Verskaf syfers.**

5

5.2.3

**Op grond van die gegewe inligting, verskaf TWEE afsonderlike voorstelle aan Kyle om in 2017 die wins op drukkers te verbeter.**  
**Voorstel 1 (met syfers):**  
  
  
  
  
  
  
  
  
  
**Voorstel 2 (met syfers):**

4

<b>TOTALE PUNTE</b>
30

**VRAAG 6**6.1.1 **TWEE items wat foutiewelik in die Kontantbegroting opgeteken is:**

--

2

6.1.2 **TWEE items in die Kontantbegroting wat NIE in 'n Geprojekteerde Inkomstestaat sou verskyn NIE:**

--

2

6.2 **DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE**

MAANDE	KREDIETVERKOPE	SEPTEMBER	OKTOBER
Julie	120 000	8 400	
Augustus	151 200	60 480	
September	172 800	86 400	
Oktober			
		155 280	

9

6.3 **BEDRAE VIR DIE KONTANTBEGROTING**

BEWERKINGS		BEDRAG
(a)	Kontantverkope vir September	
(b)	Betalings aan krediteure vir Oktober	
(c)	Direkteursfooie vir Oktober	
(d)	Rente op lening vir Oktober	

18

6.4.1 Die direkteur het die metode van betaling aan die verkoops persone verander.

Verduidelik hoe dit die verkoops persone bevoordeel het. Haal syfers aan.

Verduidelik hoe dit die onderneming bevoordeel het. Haal syfers aan.

4

6.4.2 Die direkteur is nie bekommerd oor die oorbesteding aan verpakkings materiaal nie. Verduidelik waarom dit die geval is. Haal syfers of berekeninge aan.

5

TOTALE PUNTE
40

TOTAAL: 300



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

### GRAAD 12

### REKENINGKUNDE NOVEMBER 2016 MEMORANDUM

**PUNTE: 300**

#### **NASIENBEGINSELS:**

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
